



Ki-Deo



Nuusbrief

FEBRUARIE 2014

My Spesiale Hartkinders

Ek het gisteraand 'n gesprek met een van my ouer dogters gehad en dit het my net weer aan die dink laat sit.

Ons huis is 'n permanente tuiste vir kinders wat weggeneem is uit hul ouers se sorg a.g.v. verskillende omstandighede en bestaan Ki-Deo nou al 8 jaar en 7 maande waar ons net Jesus se Genesing, Sy guns en Seën oor die huis kon ervaar en weet ons dat ons net 'n instrument in Sy Hand kan wees om die pad saam met hierdie wonderlike kinders te kan stap.

Wanneer jy hier kom kuier, sal jy iewers die jonger kinders aan die speel kry, nie veel van die tieners sien nie, want hulle hou hulle rustig besig met hul eie dinge en lyk dit soos enige normale huis. En dan vergeet mense partykeer uit watter omstandighede hierdie kinders kom en die feit dat sommige van hulle nog normaal kan funksioneer en nie iewers die pad byster geraak het en of in een of ander inrigting beland het nie, is genade en 'n wonderwerk. Want hulle is deur soveel!

Die ander dag het mense my kom sien en vra my toe hoe hanteer ek elke kind met sy eie hartseer storie en ewe braaf vertel ek hulle, dat mens maar na binne toe huil, dat jy oor tyd gewoon raak daaraan en dit beter kan hanteer, mag jy hulle jammer kry maar moet jy dit nooit vir hulle wys nie, want hulle wil nie jammer gekry word nie, hulle wil nie anders hanteer word nie en wil hulle net normaal hanteer word.

Wanneer jy elke kind se storie hoor, gaan jy beslis nie onaangeraak bly nie en gaan jy besef hoe sterk hierdie kinders is, is hulle fighters, wenners en

sulke sterk kinders. Gedurende gisteraand se gesprek met 'n spesifieke dogter, moes ek hard sluk aan die trane, wou ek haar net so styf teen my vasdruk om al die seer en teleurstelling weg te vat! Haar teleurstelling in haar ouers toe sy hulle gebel het en hulle albei so dronk was, na soveel beloftes aan haar, leë beloftes en het hulle haar weereens gefaal, haar kwaad en seer en al die onthou van daardie tyd, het net weer al die rowe oopgekrap! Haar woorde aan my was, tannie, ek is so kwaad vir hulle, voel of ek hulle net wil afskryf want hulle jok vir my en hulle verander nie! Wanneer ek oor my ma by die skool praat, vertel ek hulle van tannie want ek is te skaam om hulle van my ma te vertel! Ek gaan nie soos hulle wees nie, ek gaan 'n sukses van my lewe maak en ek het dit vir hulle (ouers) gesê!

Ek ken elke kind se agtergrond, maar om dit uit hul eie mond te hoor en die pyn, die seer, die herhaalde teleurstellings en die kwaad so saam met hulle te beleef, is hulle seer, my seer! Ek moes so hard sluk sodat sy nie my trane kon sien en kon ek maar net luister en raad gee, 'n skouer wees! Party van hulle blok gedeeltes van hul verlede geheel en al uit hul lewens, is daar sekere dinge wat hulle glad nie kan onthou nie, want hulle wil dit nie onthou nie. Hulle sal stry dat dit nie so was nie, tog staan dit swart op wit, was van hulle se kindwees op so 'n jonge ouderdom van hulle weggevat, was hulle ryppedruk om mamma te speel vir die ander kinders, om verantwoordelikheid te neem op so 'n jonge

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524

Sel: 083 696 8600

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

Ons is ook op FB, volg ons daar!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762

WO no.: 11 02 0059

PBO.: 18/11/13/1456

Bankbesonderhede:

ABSA Rek no.: 10500 40654

Verw.: MSK-KH

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir



Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op 'n maandelikse basis:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie- en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
Old Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Vrugte

Vervolg

Ouderdom om net normaal kind te kan wees. Hulle kan nie soos ander kinders vir jou staaltjies vertel van hul kleintyd nie, want daar is nie goeie “memories” nie, onthou hulle nie eens alles nie, is daar nie kleintyd foto's nie, ken hulle nie hul eie familie nie. Hulle kan jou nie vertel in watter hospitaal hulle gebore is nie, daar is te veel skole om op te noem en huise waar hulle al gebly het en wat maar altyd vassteek is die seer, die verwerping, dat niemand my wou gehad het nie, dat ek skaam is vir my ouers, dat hulle my gefaal het! Ander kinders kan glad niks onthou van voordat hulle verwyder is nie, hulle kan nie onthou hoe hul ouers gelyk het of waar hulle gebly het nie! Wat meeste onthou is dat daar altyd 'n bakleiery was, dat daar nie genoeg kos was nie, was daar drankmisbruik, en soveel ander lelike dinge. Sekere reuke, plekke of sekere dinge laat hulle onmiddellik terugdink en onthou van sekere insidente in hulle lewens. Wil hulle dalk spesifiek nie 'n sekere pap eet nie, want daar is 'n slegte konneta-sie.

Die feit dat die kinders so normaal optree en die meeste van hulle se grootste seer al gesond is, is so 'n GROOT genade! Die feit dat hulle in 'n kindershuis is, is vir hulle huis, is die res van die kinders hul boeties en sussies en gee hulle om vir mekaar, staan hulle op vir mekaar en ondersteun hulle mekaar!

Ek is so trots op elkeen van hulle vir wat hulle al bereik

het en dat hulle so goed doen, akademies, Sportgebied en ook op leierskapsgebied! Hulle is wenners!

Ek kan boeke skryf oor elkeen van hulle en elkeen van hulle is 'n sukses storie, 'n storie van genade van God se onvoorwaardelike liefde vir hulle en dat Hy hulle opgelig het uit die omstandighede, vir hulle nuwe geleenthede gegee het en hulle dit gegryp het en so 'n groot sukses van hul lewens maak!

Hulle is die mooiste kinders, lyk so normaal, soos jou eie kinders, maar is al deur so baie!

Moet asseblief nooit ophou om vir hulle te bid nie, partykeer is dit maar 'n lang pad na genesing, die seer so groot en party dae raak die verlange na hulle eie mamma en pappa so groot, ten spyte van dit wat hulle aan hulle gedoen het! Soek hulle hul eie familie, maar weet hulle nie eens in die meeste van die gevalle waar hulle is nie!

Vat vanaand jou kind en druk hom/haar styf teen jou vas en wees dankbaar vir God se genade oor julle gesin! Dis 'n genade en 'n voorreg wat ons het om nog as families bymekaar te kan wees en om in 'n normale huis te kan grootword! Ons verwysingsraamwerk verskil so radikaal van die kinders s'n, maar het hulle soos Job opgestaan uit die as van die verlede en bou hulle nou aan hul eie suksesverhaal! Awesome, wenners in Christus!



Ons benodig mense wat bereid is om maandeliks op die volgende maniere betrokke te raak:

- Maandelikse finansiële bydraes
- Eenmalige finansiële bydraes
- Bydrae tot ons emmerprojek, dit is kruideniersware en skoonmaakprodukte
- Hulp met kinderpartytjies
- Naweek- en Vakansie Ouers
- Bederf die kinders met uitstapies, uiteet of wegneemetes
- Help met take of huiswerk in die middag
- Help met fondsinsamelings
- Bouprojek: herstelwerk aan huis wat dringend noodsaaklik is.

Kinders se Verjaarsdae:

2 Januarie: Shawn (13)
4 Februarie : Madelein (11)
21 Februarie: Brandon (13)
27 Maart: Helen (16)
10 Mei: Lucia (10)
6 Junie: Danell (12)
12 Julie: Angelo (14)
31 Augustus: Bernadette (18)
9 Oktober : Fransisca (17)
18 Desember: Monique (18)
31 Desember: Monique (11)

Benodig nog die volgende vir ons vakansie:

**Beskuit, Lekkers, Chips
Vrugte, Koek, koekies
Koeldrank, Milo, Hot Chocolate
Kitspappe, Suiker, Koffie, Tee
Langlewe Melk
Charcoal
Sousboontjies, Beet, Uitjies, ens
Finansiële bydraes
Sonbrandmiddels en After Sun**

Dankie vir almal wat bydrae tot die Toiletware vir ons kinders, die reaksie was so geweldig, waardeer dit regtig baie!!!

ONTHOU ONS KAMP SONDELA TOE VANAF 28 MRT TOT 6 APR! ENIGE SKENKING SAL WAARDEER WORD!